NASPERS-JAARVERSLAG 2009

Die Naspers-groep

Internet

(insluitend belangrike handelsmerke van geassosieerde maatskappye)

Internetplatforms hoofsaaklik in Middel- en Oos-Europa, China, Rusland, Brasilië, Afrika, Indië en Thailand. Dienste sluit in e-handel, gemeenskappe, kommunikasie, sosiale netwerk, vermaak en mobiele toepassings.

INTERNET – 24.com, ACL, Allegro, AlleWakacje.pl, allo, Ancestry24, Aruodas.lt, Aukro, Beijing Youth Daily online, Careers24, ceneo.pl, Channel24, Compera nTime, Crossfire en Xunixian is gelisensieerde speletjies, Dungeon & Fighter, Fin24, EDOMUS.LT, Food24, Gadu-Gadu, GoTravel24, GadunaGlos, Health24, Heureka!, ibibo, Images24, Kalahari.net, KV.EE, LIVECHAT software, mail.ru, Mobile QQ, Mobilne Gadu-Gadu, MojaGeneracja, Molotok, MWEB, MWEB (Thailand), MXit, nauka.pl, Netads24, News24, Nimbuzz, oferia.pl, OPENFM, OSTA.EE, otoDom.cz, otoMoto.pl, Qzone, PAYBACK, PayGSM, Pay U SA, platnosci, platforma iStore.pl, PracaAllegro, Property24, QQ, QXL, Ricardo, Sanook!, Skelbia.it, Sports24, Tencent, teszvesz, Titan24.com, Wheels24, Women24, qq.com QQ Dancer, QQ Doctor, QQ Download, QQ Friends, QQ eye, QQ Fantasy, QQ Game, QQ Mail, QQ Member, QQ Music, QQ Live, QQ Pinyin Input Method, 3G.QQ.com, QQ Pet, QQ San Guo, QQ Show, QQ Speed, QQ Tang, Vatera.hu, Xin'an Evening News online.

Betaal-televisie

Betaaltelevisie-intekenaarplatforms en -kanale asook mobiele televisie in Afrika.

BETAALTELEVISIE – M-Net Action, AfricaMagic, AfricaMagic Plus, Big Brother, Carte Blanche, Channel O, DStv, Idols, KooWee, kykNET, MK, M-Net, M-Net Movies 1 en 2, M-Net Series, M-Net Stars, MultiChoice Africa, Oracle Airtime Sales, SuperSport, SuperSport Travel, SuperSport United Football Club.

Drukmedia

(insluitend belangrike handelsmerke van geassosieerde maatskappye)

Tydskrifte, koerante, drukkerye, verspreiding en boekuitgewerye in Suid-Afrika en Afrika suid van die Sahara, asook drukmediabeleggings in Brasilië en China.

KOERANTE – **Afrika:** Beeld, City Press, Daily Sun, Die Burger, Rapport, Soccer Laduuuuuma!, Son, Sondag, Sunday Sun, Supa Strikas, Volksblad en verskeie gemeenskapskoerante. **China:** Beijing Youth Daily, Titan Weekly Newspaper, Xin'an Evening News.

TYDSKRIFTE – **Afrika:** Destiny, DRUM, FAIRLADY, FEMINA, FHM, FINWEEK, heat, HUISgenoot, KICKOFF, Landbouweekblad, Men's Health, Move!, SARIE, Sports Illustrated, seventeen, TRUE LOVE, tuis, tv24, tvplus, Twende, Weg, YOU en 41 ander. **Brasilië:** Claudia, EXAME, Nova, Ana Maria, Vejá, Viagem, Viva! en sowat 90 ander. **China:** All Sports, Golf Digest China, Soccer Weekly, Women's Health en andere.

DRUKKERYE – Paarl Gravure, Paarl Media, Paarl Print, Paarl Labels, Paarl Web, Paarl Web Gauteng, Print24.

LOGISTIEK – ON THE DOT.

BOEKE – Atica & Scipione (Brasilië), Collegium (Botswana), Future Entrepreneurs, idem smile, Jonathan Ball Publishers, Leisure Books/Leserskring, Lux Verbi.BM, Mwajionera Publishers (Zambië), NB Uitgewers, Nasou Via Afrika, Stimela Publishers, Van Schaik Uitgewers.

Tegnologie

Ontwikkeling van onderliggende tegnologieë vir internet-, betaaltelevisie- en mobiele platforms.

TEGNOLOGIE – Irdeto, Cloakware, Entriq.

NASPERS

GROEPWERKSAAMHEDE

Kantore:

- **Internet**
- **Betaaltelevisie**
- **Drukmedia**
- **Tegnologie**

OORSIG

Naspers se omset het oor die afgelope jaar met 30% tot R26,7 miljard gegroei. Bedryfswins voor amortisasie en ander winste/verliese het met 21% tot R5,1 miljard gegroei, terwyl kernwesensverdienste per N- gewone aandeel 4% hoër is. Finansiële prestasie van die afgelope jaar word in die finansiële oorsig op bladsy 16 van hierdie jaarverslag ontleed.

Die afgelope twaalf maande is gekenmerk deur 'n wêreldwye ekonomiese afswaai. Elke onderneming in die groep het die veld gespeel soos hy dit gevind het, en elkeen het so vinnig moontlik by nuwe omstandighede probeer aanpas. Oorhoofs gesien, was die groep se groei bevredigend.

Ontluikende markte speel 'n sentrale rol in ons strategie. Oor die geheel en op verbruikersvlak was hulle ook onder druk, maar het beter gevaar as ontwikkelde ekonomieë.

Ons onlangse verkrygings in die internetsegment – Allegro, Ricardo en Gadu-Gadu – vertoon stewig. Geassosieerde maatskappye Tencent in China en mail.ru in Rusland het mooi uitgebrei.

Ons betaaltelevisie-ondernemings het hul man gestaan. Wanneer mense ekonomiese druk ervaar, bestee hulle meer tyd tuis en is betaaltelevisie 'n bekostigbare vorm van vermaak. Ons het heelwat geld belê om só te kan groei, en die bruto intekenaarbasis wys dit.

Die tegnologie-onderneming, Irdeto, is egter swaarder deur die ekonomie getref as verbruikersgerigte bedryfseenhede.

Drukmediasirkulasie in Suid-Afrika en China het goed gevaar, maar advertensie-inkomste was traag. In Brasilië het Abril egter 'n goeie jaar beleef.

⏭ INTERNET

Die internetsegment het 'n omset van R3,8 miljard getoon, wat gespring het ná die insluiting van Allegro, Ricardo en Gadu-Gadu. Bedryfswins voor amortisasie en ander winste/verliese was R128 miljoen.

Die e-handelsbedrywighede van Allegro (Oos-Europa) en Ricardo (Wes-Europa) het omset van R1,9 miljard gegenereer. Dié saamgevoegde e-sake het bo verwagting gepresteer. Nuwe dienste is in sekere lande bekend gestel.

Gadu-Gadu in Pole het nou 15 miljoen geregistreerde gebruikers. 'n Informele speletjiesportaal en virtuele netwerk is bygevoeg en verdere uitbreidings word beplan.

In China het Tencent verwagtings oortref en groei op die meeste platforms aangeteken. Die Olimpiese Spele het verkeer tot amper een miljard bladsybesoeke per dag laat styg en gelyktydige spitstydgebruikers het 57 miljoen verbygesteek. Verskeie nuwe speletjies het gelei tot bestendige groei. Tencent se bydrae tot kernwesensverdienste het gestyg tot R1,2 miljard (2008: R615 miljoen).

In Indië brei ibibo tans sy klein internetonderneming uit en fokus op sosiale media, soektogte en advertensies. Ingevolge 'n ooreenkoms met Tencent sal die twee maatskappye gesamentlik die Indiese onderneming ontwikkel.

In Rusland het mail.ru sy basis tot 58 miljoen aktiewe e-posgebruikers uitgebrei. Hierdie onderneming het R87 miljoen (2008: R49 miljoen) tot ons kernwesensverdienste bygedra. Hy raak nou volwasse deur meervoudige inkomstestrome te ontwikkel.

⏭ BETAALTELEVISIE

In geheel het die betaaltelevisiesegment se omset met 29% uitgebrei, danksy intekenaargroei. Bedryfsmarges het gekrimp weens die koste om die intekenaarbasis te bou, asook weens hoër inhoudskoste wat vloei uit groter mededinging.

In Suid-Afrika het die basis met 453 000 bruto intekenare tot 2 401 000 toegeneem. Ons middelprys-boeket, *Compact*, was die gewildste. Advertensie-inkomste het teruggesak weens 'n ekonomiese afswaai.

In die res van Afrika suid van die Sahara het 'n fokus op plaaslike inhoud en SuperSport se dekking van die Olimpiese

Groepomset het met

30%

gegroei

Voorgestelde dividend

15%

hoër

Spele 230 000 bykomende bruto intekenare bereik, wat die basis na 916 000 huishoudings gelig het. Die *Compact*-boeket staan op 313 000 intekenare. Skerper mededinging oor die vasteland word in hoër pryse vir sportinhoud weerspieël.

Mobieletelevisie-lisensies is in Ghana, Kenia, Namibië en Nigerië verkry. Die oprigting van DVB-H-netwerke en aanstelling van personeel in hierdie markte gaan voort.

⏭ IRDETO

Irdeto het gedurende die tydperk sowat 15 miljoen voorwaardelike-toegang-eenhede aan klante gelewer. Aangesien Irdeto eerder operateurs as verbruikers bedien, is sy sakemodel in 'n groter mate deur die resessie geraak. Konsolidasie van verskeie ondernemings in die Irdeto-groep het ontwikkelings- en bedryfskoste verlaag.

⏭ DRUKMEDIA

Ons drukkery-onderneming, Paarl Media, is deur twee brande getref, waarvan die laaste die ernstigste lewensverlies en beserings nóg in die maatskappy se geskiedenis meegebring het. Ons harte gaan uit na die bedroefde gesinne.

In Suid-Afrika het drukmediabedrywighede slegs marginale omsetgroei van 3% gegenereer. Die sirkulasie en leserstal van koerante en tydskrifte het meestal skaflik gebly, maar advertensies het die uitwerking van die ekonomiese afswaai gevoel. In hierdie omgewing is bedryfskoste verlaag en kapitaalbesteding in toom gehou. Die impak van dié besparings behoort in die toekoms te materialiseer.

Die drukkerysektor het omsetgroei van 4% behaal, hoewel marges skraler is weens laer drukvolumes en wisselkoerse. Die boekuitgewerye vaar bevredigend.

In Brasilië het Abril 'n uitstekende jaar beleef en sy bydrae tot ons kernwesensverdienste het gestyg tot R414 miljoen (2008: R150 miljoen).

⏭ DIVIDEND

Die direksie het aanbeveel dat die jaarlikse dividend met 15% tot 207 sent (voorheen 180 sent) per N- gewone aandeel verhoog word, en tot 41 sent (voorheen 36 sent) per ongenoteerde A- gewone aandeel. Indien dié voorstel deur aandeelhouers goedgekeur word, sal dividende betaalbaar wees aan alle aandeelhouers wat op 11 September 2009 geregistreer is. Dit sal op 14 September 2009 uitgekeer word. Die laaste dag van verhandeling met dividende is 4 September 2009.

⏭ STRATEGIE EN VOORUITSIGTE

Vooruitskouend besit ons meestal veerkragtige ondernemings in ekonomieë wat gemiddeld beter presteer as die ontwikkelde wêreld. Mededinging in betaaltelevisie, regulering en verbruikersbestedingsvlakke wek egter kommer.

Ons sal ons groeistrategie voortsit. Streng evaluasieprosesse word toegepas waar nuwe beleggings oorweeg word. Ons strewe steeds daarna om oor die medium- en langer termyn waarde vir ons aandeelhouers te bied. Die groep het 'n gesonde balansstaat.

⏭ AANDELEBEURSNOTERINGS

Naspers het 'n Vlak I Amerikaanse Depositobewys-program (ADB-program) en sy Amerikaanse Deposito-aandele (ADA's) is op die Londense aandelebeurs (LSE) genoteer. Vlak I ADB's word in die VSA op 'n oor-die-toonbank-grondslag verhandel. Internasionale beleggers kan dus Naspers-sekuriteite deur die Vlak I ADB-toonbankmark, op die Londense aandelebeurs óf op die JSE Beperk koop en verkoop.

⏭ KORPORATIEWE BESTUUR EN VOLHOUBAARHEID

Korporatiewe bestuur en volhoubaarheid is belangrik vir belanghebbendes van die Naspers-groep. Die direksie streef daarna om die groep se sake met integriteit te bedryf. Hy is verbind tot toepaslike korporatiewe bestuursbeleid en -praktyke vir elke maatskappy in die groep.

Verskeie van Naspers se filiale word deur onafhanklike direksies beheer wat hul eie korporatiewe bestuurspraktyke en subkomitees saamgestel het, soos van toepassing op die maatskappye, en aan die nodige bestuurs- en regulatoriese vereistes voldoen.

Op 'n voortgaande grondslag evalueer Naspers steeds terreine waar bestuurstoesig op 'n korporatiewe vlak en binne filiale versterk kan word. Die implikasies van die nuwe Maatskappywet in Suid-Afrika, asook die King III-kode oor korporatiewe bestuur, sal ook ontleed word en gepaste stappe sal gedoen word.

Naspers se volhoubaarheidsverslag ooreenkomstig die Global Reporting Initiative (GRI) – toepassingsvlak C – is beskikbaar by ons webwerf (**www.naspers.com**).

⏭ RISIKOBESTUUR

Risikobestuur is 'n integrale deel van die daaglikse werksaamhede van ons ondernemings. As 'n internasionale multimediagroep met sakebedrywighede in verskeie lande, is die groep aan 'n wye verskeidenheid risiko's blootgestel, waarvan sommige ernstige gevolge kan inhou. Die gediversifiseerde aard van die groep help egter om blootstelling te versprei.

Naspers se direksie, in samewerking met direksies van sy groot filiaalmaatskappye, is daarvoor verantwoordelik om prosedures vir risikobestuur en -beheer te bepaal, asook om die doeltreffendheid van die prosedures te evalueer. Die identifisering van risiko's en die bestuur daarvan is deel van elke sake-eenheid se sakeplan.

INTEGRITEITS-KETTING

⏭ GEMEENSKAP

⏭ VERBINDING

⏭ KOMMUNIKASIE

⏭ VERBINTENIS

Risikobestuursfunksies is vir die groot maatskappye in die groep ingestel en die proses word van tyd tot tyd hersien.

Uit 'n verskeidenheid verwante blootstellings blyk dat die volgende groot risiko's tans bestaan:

- tegnologiese vernuwings
- politieke en ekonomiese onstabiliteit
- mededinging
- inflasie van programkoste
- valutaskommelings
- wetgewing en regulasies.

Hoewel hierdie risiko's meestal buite die direksie se beheer is, kan sekere maatreëls ingestel word om die uitwerking daarvan te beperk.

⏭ VERBINTENIS TOT BEMAGTIGING

Naspers ondersteun die strewe om voorheen benadeelde gemeenskappe in Suid-Afrika se hoofstroomekonomie te integreer. Ons is trots daarop dat Naspers die tweede opeenvolgende jaar as Suid-Afrika se mees bemagtigde mediamaatskappy aangewys is in die 2009-opname van topbemagtigings-maatskappye.

Media24 se breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtigingsinisiatief, Welkom Yizani, sluit sowat 100 000 swart persone en groepe in wat onregstreeks 'n deel van Media24 Beperk besit.

Ons is ook trots op die feit dat Media24 volpunte behaal het vir die ondernemings-ontwikkelings- en sosio-ekonomiese komponente van die departement van handel en nywerheid se bemagtigingstelkaart.

MultiChoice Suid-Afrika se twee suksesvolle bemagtigingsinisiatiewe, Phuthuma Nathi en Phuthuma Nathi 2, sluit sowat 120 000 swart mense en groepe in wat onregstreeks 'n deel van MultiChoice Suid-Afrika besit.

'n Oorsig van korporatiewe bestuur en volhoubaarheid (risikobestuur ingesluit) verskyn op bladsy 44 van hierdie jaarverslag.

⏭ DIREKTEURE

Kragtens die maatskappy se statute tree een derde van die nie-uitvoerende direkteure jaarliks uit en heraanstelling geskied nie outomaties nie. Adv F-A du Plessis, prof R C C Jafta en mnr T M F Phaswana, wat by die algemene jaarvergadering volgens rotasie uittree, is verkiesbaar en stel hulle vir herverkiesing beskikbaar.

Mnr S J Z Pacak is met ingang 1 April 2009 weer as 'n direkteur aangestel na sy sabbatsverlof van drie maande. Aandeelhouers sal gevra word om die heraanstelling van die direkteure wat volgens rotasie uittree te oorweeg, asook die bekragtiging van mnre L P Retief en S J Z Pacak se aanstelling as direkteure goed te keur, by die komende algemene jaarvergadering, waarvan die kennisgewing in hierdie jaarverslag verskyn. Die verkorte curricula vitae van al die direkteure verskyn in die direksie op bladsye 58 tot 61 van hierdie jaarverslag.

⏭ MENSE

Die nuwe wêreldwye ekonomiese landskap en snelbewegende markte vereis dat ons buigsaam moet wees en vinnig by verandering aanpas. Die groep het die regte vaardighede nodig om uitdagings die hoof te bied in die markte waarin ons bedrywig is. Ons is trots op die bydrae van ons mense in soveel lande. Oor die afgelope jaar het hulle uithouvermoë, veerkragtigheid en vernuwende denke aan die dag gelê om die meeste van die doelwitte te bereik wat vir ons ondernemings gestel is. Ons waardeer hul toewyding.

Ten slotte bedank ek graag my mededireksielede vir hul leiding en ondersteuning gedurende 'n moeilike jaar.

Ton Vosloo
Voorsitter

Koos Bekker
Besturende direkteur

Hierdie oorsig weerspieël hoogtepunte van die groep se finansiële prestasie oor die afgelope jaar. Volledige besonderhede verskyn in die finansiële jaarstate wat op bladsye 66 tot 184 van die jaarverslag aangebied word.

⏭ OORSIG VAN GROEPRESULTATE

Omset

Totale omsetgroei van 30% tot R26,7 miljard is oor die verslagtydperk aangeteken. Die dryfvere hiervoor was bestaande bedrywighede, wat met 19% gegroei het, asook nuwe verkrygings, wat 11% bygevoeg het.

Die internetsegment is versterk deur die insluiting van Allegro en Ricardo (voorheen Tradus). Betaaltelevisie-omset het met 29% gestyg danksy die uitbreiding van die intekenaarbasis.

Bedryfswins

Bedryfswins voor amortisasie en ander winste/verliese het met 21% tot R5,1 miljard toegeneem (2008: R4,2 miljard). 'n Afname in groepmarges het op groter mededinging in betaaltelevisie-markte gevolg. Totale ontwikkelingskoste het R1,2 miljard (2008: R1,1 miljard) bedra.

Finansieringsinkomste

Die netto rentekoste vir die jaar was R306 miljoen, in vergelyking met 'n netto inkomste van R503 miljoen die vorige jaar. Die verskil vloei uit die befondsing van nuwe verkrygings. Ander finansieringsinkomste sluit in voorkeurdividend-inkomste van R377 miljoen (2008: R336 miljoen) en merk-tot-markwaarde verliese van R375 miljoen, vergeleke met wins van R166 miljoen in die vorige jaar.

Ekwiteitsverantwoorde resultate

Naspers se deel van die ekwiteitsverantwoorde resultate van sy geassosieerde maatskappye – hoofsaaklik Tencent, mail.ru en Abril – het tot R1,47 miljard (2008: R654 miljoen) gegroei. Al drie ondernemings het uitstekend gevaar onder leiding van buitengewone leierspanne.

Die afskrywings van ekwiteitsverantwoorde beleggings hou grotendeels verband met ons onttrekking uit 'n Duitse mobieletelevisie-projek weens 'n ongunstige regulatoriese omgewing.

Beëindiging van bedrywighede

'n Wins van R2,97 miljard uit die beëindiging van bedrywighede hou verband met die verkoop van betaaltelevisie-ondernemings in Griekeland en Ciprus. Die opbrengs is eenmalig van aard en is teen langtermynskuld aangewend.

Wesensverdienste en kernwesensverdienste

Die netto uitwerking van bogenoemde is dat kernwesensverdienste vir die jaar met 9% tot R4,4 miljard gestyg het. 'n "Berekening van wesens- en kernwesensverdienste" volg in die tabel hiernaas.

Berekening van wesens- en kernwesensverdienste

	Jaar geëindig 31 Maart 2009 R'm	Jaar geëindig 31 Maart 2008 R'm
Netto wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	**5 761**	3 418
Aangesuiwer vir:		
– waardedaling van klandisiewaarde en ander bates	**26**	48
– verlies/(wins) met verkoop van bates	**27**	(15)
– beëindiging van bedrywighede	**(2 965)**	82
– wins met vereffening van lening	**—**	(87)
– (wins)/verlies met verkoop van beleggings	**(10)**	512
– waardedaling in ekwiteitsverantwoorde beleggings	**214**	348
	3 053	4 306
Totale belastingeffek van aansuiwerings	**5**	(486)
Totale minderheidsbelang van aansuiwerings	**7**	(14)
Wesensverdienste	**3 065**	3 806
Beëindigde bedrywighede	**(129)**	(258)
Wesensverdienste uit voortgesette bedrywighede	**2 936**	3 548
Wesensverdienste	**3 065**	3 806
Aangesuiwer vir:		
– (wins)/verlies uit beëindigende bedrywighede	**(129)**	48
– skep van uitgesteldebelasting-bates	**(58)**	(244)
– tesourie-vereffende aandeelskemakoste	**258**	47
– amortisasie van ontasbare bates	**958**	410
– billikewaarde-aansuiwerings en valuta-omrekeningsverskille	**279**	(71)
Kernwesensverdienste	**4 373**	3 996

Soos gereeld aan aandeelhouers gerapporteer, is die direksie steeds van mening dat kernwesensverdienste 'n toepaslike maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie is, aangesien dit eenmalige en nie-bedryfsitems uitsluit.

⏭ SEGMENTELE OORSIG

Die segmentele ontleding hieronder is voorberei op 'n ekonomiesebelang-basis en sluit ons proporsionele gedeelte van ons grootste geassosieerde maatskappye in.

	Omset			Ebitda		
	2009 R'm	**2008 R'm**	**% verandering**	**2009 R'm**	**2008 R'm**	**% verandering**
Betaaltelevisie	**14 858**	11 542	29	**5 197**	4 272	22
Internet*	**7 256**	3 037	+100	**1 985**	613	+100
Tegnologie	**1 514**	1 081	40	**(75)**	(126)	41
Druk**	**10 520**	9 082	16	**1 363**	1 357	—
Korporatiewe dienste	**4**	—	—	**(210)**	(40)	—
Ekonomiese belang	**34 152**	24 742	38	**8 260**	6 076	36
Min: geassosieerde-maatskappye	**(7 462)**	(4 224)		**(2 234)**	(1 176)	
Gekonsolideer	**26 690**	**20 518**	**30**	**6 026**	**4 900**	**23**

	Bedryfswins voor amortisasie- en ander winste/(verliese)			Bedryfswins		
	2009 R'm	**2008 R'm**	**% verandering**	**2009 R'm**	**2008 R'm**	**% verandering**
Betaaltelevisie	**4 737**	3 940	20	**4 269**	3 845	11
Internet*	**1 696**	483	+100	**1 026**	363	+100
Tegnologie	**(132)**	(168)	21	**(308)**	(250)	(23)
Druk**	**1 058**	1 149	(8)	**762**	707	8
Korporatiewe dienste	**(213)**	(42)	—	**(212)**	(43)	—
Ekonomiese belang	**7 146**	5 362	33	**5 537**	4 622	20
Min: geassosieerde-maatskappye	**(2 030)**	(1 124)		**(1 754)**	(744)	
Gekonsolideer	**5 116**	**4 238**	**21**	**3 783**	**3 878**	**(2)**

**Sluit ons aandeel van Tencent en mail.ru in.*
***Sluit ons aandeel van Abril in.*

⏭ KONTANTVLOEI EN BALANSSTAAT

Die balansstaat bly gesond, met 'n hefboomverhouding van 3%, transpondeerderbruikhuurooreenkomste uitgesluit. Vrye kontantvloei wat in die huidige jaar deur die groep gegenereer is, het R2,4 miljard (2008: R2,1 miljard) bedra.

⏭ BEDUIDENDE VERKRYGINGS

In September 2008 het die groep 100% van Vatera.hu, 'n aanlynveilingsmaatskappy in Hongarye, verkry teen 'n kontantbedrag van sowat R183 miljoen (VS$23 miljoen). Ons is tans besig om die koopprystoekenning te finaliseer en het dit, gegrond op 'n voorlopige waardasie, soos volg erken: netto tasbare bates (R2 miljoen), ontasbare bates (R54 miljoen) en die res as klandisiewaarde.

In Desember 2008 het die groep 'n ooreenkoms aangegaan om 'n belang van 37% in Xin'an Media, 'n toonaangewende koerantuitgewer in China, teen 'n kontantkoopsom van R315 miljoen (VS$31 miljoen) te bekom. Die koopprystoekenning word tans gefinaliseer. 'n Voorlopige waardasie erken netto tasbare bates van R133 miljoen, ontasbare bates van R162 miljoen en die res as klandisiewaarde.

In Desember 2008 het die groep nog 10,3% van mail.ru (saam met 'n belegging wat ons belang in Molotok verhoog het) teen 'n kontantbedrag van R1,03 miljard (VS$101 miljoen) verkry, wat ons aandeelhouding in mail.ru op 42,9% te staan bring. Die koopsom, gegrond op 'n voorlopige skatting, is soos volg erken: netto tasbare bates van R270 miljoen en die res as klandisiewaarde.

Die groep het ook ander verkrygings teen 'n gesamentlike koste van sowat R598 miljoen (VS$68 miljoen) bekom. Die omset en winste uit hierdie verkrygings was nie wesenlik vir die gekonsolideerde resultate nie.

⏭ BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE

In April 2008 het die groep 'n proses aangekondig om NetMed, die betaaltelevisieonderneming in Griekeland en Ciprus, aan ForthNet SA te verkoop. Die transaksie is in Augustus 2008 beklink en 'n rekeningkundige wins van R2,97 miljard is met die verkoop erken. Die transaksie is in ooreenstemming met IFRS 5 "Nie-bedryfsbates Beskikbaar vir Verkoop en Beëindigde Bedrywighede" as 'n beëindigde bedrywigheid verantwoord.

⏭ REKENINGKUNDIGE BELEID EN VERANDERINGS IN REKENINGKUNDIGE HANTERING

Ons finansiële resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2009 is opgestel in ooreenstemming met 'Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde' ("IFRS"), die bepalings van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, Nr 61 van 1973, en met voldoening aan noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die rekeningkundige beleid strook met dié wat in die vorige tydperk gebruik is, en met IFRS.

Hierdie resultate is geouditeer deur die maatskappy se ouditeur, PricewaterhouseCoopers Ing., wie se ongekwalifiseerde verslag ter insae by die geregistreerde kantoor van die maatskappy beskikbaar is.

Voorkeurdividendinkomste was voorheen ingesluit by "rente ontvang", maar is

herklassifiseer na "ander finansieringsinkomste" om die aard daarvan beter te weerspieël.

Die koopprystoekenning vir die verkryging van Tradus plc. is gedurende die jaar soos volg gefinaliseer: klandisiewaarde het met R3,2 miljard gedaal, ontasbare bates het met R3,9 miljard gestyg en uitgestelde-belasting-laste het met R731 miljoen gestyg. Die groep het sy balansstaat op 31 Maart 2008 dienooreenkomstig hersaamgestel.

⏭ GEBEURTENISSE NÁ BALANSSTAATDATUM

Op 10 November 2008 het die groep aangekondig dat 'n ooreenkoms aangegaan is om MWEB se besigheid in Afrika suid van die Sahara, Suid-Afrika uitgesluit, te verkoop. Die koopprys vir ons aandeel was sowat R500 miljoen en die transaksie is ná jaareinde in April 2009 afgehandel.

Ná 31 Maart 2009 het Media24 besluit om grond en geboue by Heerengracht 40, Kaapstad, aan Naspers Eiendomme (Eiendoms) Beperk, 'n volfiliaal van Naspers, te verkoop. Die doel is om Media24 se balansstaat te versterk en die verkoopprys van R280 miljoen is op onafhanklike eksterne waardasies gegrond.

Op 9 Junie 2009 het die groep aangekondig dat hy 'n openbare tenderaanbod gemaak het om tot 100% van die Warskou-genoteerde finansiële portaal Bankier.pl te verkry. Bankier.pl bied finansiële nuus, ontledings en prysvergelykingsdienste-inligting oor finansiële produkte vir verbruikers. Indien die aanbod slaag, beoog Allegro, 'n filiaal van die groep, om Bankier.pl se produkte en dienste by sy e-handelsplatform in Pole in te lyf. Indien die aanbod 100% aanvaar word, sal die totale belegging ongeveer R156 miljoen (PLN62,8 miljoen) wees.